# Versnelde Sukses: Vir Wie?

**Louis Du Piesanie 15/07/ 2018**

**Prov. 28:2 (GN) "... A nation will be strong and endure when it has intelligent, sensible leaders."**
**Prov. 28:2 (LB) "... with honest, sensible leaders there is stability."**

**1. BEGINSELS VAN SUKSES**

**1.1.** Niks gebeur totdat iemand iets doen nie.
**1.2.** Sukses is invloed.

**1 Timoteus 4:12 (AFR83) 'Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.'**

**Johannes 10:27 (AFR83) 'My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My.'**

**1 Korintiërs 11:1 (AFR83) 'Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.'**

**1.3.** Die fondasie van sukses is karakter, nie charisma nie.
**1.4.** Moet nooit ophou leer nie – die oomblik wat jy ophou leer, hou jy op groei.

**Prediker 10:10 (NLV) "As die byl stomp is en jy dit nie slyp nie, moet jy meer krag gebruik. Vaardigheid help jou om sukses te behaal."**

**2. HOEKOM HET GOD VIR NEHEMIAH GEKIES?**

**Nehemia 1:1-4 (NLV) "In die twintigste jaar van Artasasta se koningskap, in November, was ek by sy vestingstad Susan. Ganani, een van my broers, het my saam met ander persone uit Juda kom besoek. Ek het hulle uitgevra oor die Jode wat die ballingskap oorleef het en oor die omstandighede in Jerusalem.**
**Hulle antwoord was: "Dit gaan nie goed met die mense wat uit die ballingskap teruggekeer het en daar oorgebly het nie. In die provinsie Juda is daar groot ellende en bespotting. Jerusalem se muur lê om en die stadspoorte is deur vuur vernietig."**
**Toe ek dit hoor, het ek gaan sit en huil. Vir dae aaneen het ek getreur, gevas en tot die God van die hemel gebid.**

**2.1.** Hy was sensitief tot die behoeftes van die mense om hom.
**2.2.** Hy was betroubaar.
**2.3.** Hy was beskikbaar.

**Gesprek Gits**
**Versnelde Sukses: Vir Wie?**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. In jou opinie, wat is sukses?
2. Dink jy dat God jou wil gebruik om mense te beïnvloed? Hoe sou jy mense kon beïnvloed?
3. Is jy bereid om jouself beskikbaar te stel vir God om jou te gebruik?